NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

# REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur | 100 punte

**Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 1 BEGROTINGS

**Verwys na die inligting aangaande La Meme (Edms) Bpk.**

1.1 Bepaal die debiteure-invorderingsbeleid deur alle **relevante persentasies** te bereken. Toon jou berekeninge.

| |
|---|
| Dieselfde maand as die verkoopstransaksie: |
| $\frac{551\,250 + 11\,250}{1\,125\,000} \times \frac{100}{1} = 50\%$<br><br>Korting:<br><br>$\frac{11\,250}{1\,125\,000 \times 50\% = 562\,500} \times \frac{100}{1} = 2\%$ |
| Een maand na die verkoopstransaksie: |
| $\frac{337\,500}{1\,125\,000} \times \frac{100}{1} = 30\%$ |
| Twee maande na die verkoopstransaksie: |
| *Nie nodig om te bereken nie.* |
| Oninbare skuld: |
| $\frac{56\,250}{1\,125\,000} \times \frac{100}{1} = 5\%$<br><br>OF<br><br>$100 - 50 - 30 - 15$ |

1.2 Gee TWEE voorstelle oor hoe La Meme (Edms) Bpk hul oninbare skuld kan verminder.

| |
|---|
| • Keur hul debiteure beter |
| • Stuur herinnering aan debiteure wat agterstallig raak |
| • Verleng tydperk na die 60 dae voordat hulle afgeskryf word |
| Ander lewensvatbare voorstelle |

IEB Copyright © 2024

1.3 Gebruik die bykomende inligting wat verskaf is om die uittreksel uit die Kontant-begroting en die uittreksel uit die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste vir die tydperk 1 September 2024 tot 30 November 2024 te voltooi.

**Let wel:** Transaksies wat 'n betaling of uitgawe aandui, moet tussen hakies wees. Salarisse is vir jou ingeskryf.

| | **Kontantbegroting** | | | **Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Sep 2024 R** | **Okt 2024 R** | **Nov 2024 R** | **Sep 2024 R** | **Okt 2024 R** | **Nov 2024 R** |
| Salarisse | (300 000) | (300 000) | (327 000) | (300 000) | (300 000) | (327 000) |
| Afleweringsvoertuig | | (10 000) | (10 000) | | Maks –1 indien inskrywing gemaak is | |
| Waardevermindering | | Maks –1 indien inskrywing gemaak is | | | (5 000) | (5 000) |
| Huurinkomste | | | 150 000 | | 75 000 | 75 000 |

1.4 Verwys na die salarisreël wat in Vraag 1.3 hierbo verskaf word. Werkers het 'n 9%-salarisverhoging ontvang, wat hoër is as inflasie. In 'n opname wat aan personeel uitgestuur is, het hulle egter aangedui dat personeelmoreel (hoe jou werknemers oor hul werkomgewing en hul rol daarin voel) baie laag is en hulle voel daar moet meer voordele wees. Uit uittreksel C is dit duidelik dat dit nie in hierdie stadium 'n lewensvatbare opsie is om mediesehulpfonds- en pensioenfondsbydraes te verhoog nie.

Stel TWEE ander maniere voor waarop personeelmoreel verbeter kan word sonder dat dit 'n groot finansiële impak op La Meme (Edms) Bpk sal hê.

| |
|---|
| • Benoem 'n werknemer van die maand wat 'n blyk van waardering ontvang |
| • Hou 'n bring-en-deel op mense se verjaardae |
| • Bied 'n werkwinkel oor selfsorg en meditasie aan |
| • Vaardigheidsverbetering/diverse opleiding vir werknemers |
| Ander … |

1.5 Op grond van inligting C het die hoofbedryfsbeampte haar kommer oor die huidige kontantsituasie uitgespreek en voorgestel dat die maatskappy in Desember 2024 om 'n langtermynlening van R200 000 aansoek doen.

Volgens haar navorsing sal die maatskappy kwalifiseer vir 'n lening van ABSA teen 15% p.j. indien die rente nie gekapitaliseer word nie of 'n lening van FNB teen 14% p.j. indien die rente gekapitaliseer word.

1.5.1 Watter AARP-beginsel bepaal dat rente op lening as 'n afsonderlike lynitem in die Staat van Omvattende Inkomste getoon moet word, selfs al word dit gekapitaliseer?

| |
|---|
| Wesenlikheidsbeginsel |

1.5.2 Verduidelik die belangrikheid daarvan om dit as 'n afsonderlike lynitem te toon.

| |
|---|
| Dit kan lesers van FJS verskillend beïnvloed as dit gesien is of nie. |
| Rente op lening kan 'n wesenlike waarde hê na gelang van die grootte van die lening en kan 'n wesenlike impak op die wins van die maatskappy hê. |

1.5.3 Watter een van die twee lenings sal jy die maatskappy aanraai om te neem? Verskaf TWEE redes vir jou keuse wat goed verduidelik word.

☐ Absa (15%, nie-gekapitaliseer) ☐ FNB (14%, gekapitaliseer)

| | |
|---|---|
| Absa: | Nie gekapitaliseer nie beteken hulle betaal minder rente |
| | Synde kort termyn sal die 1% nie veel verskil maak nie |
| | |
| FNB: | Rentekoers is laer |
| | Oor kort termyn sal kapitalisering nie 'n groot impak hê nie |
| Ander aanvaarbare redes | |

1.5.4 Verskaf op grond van die inligting wat verskaf is TWEE redes waarom die verkryging van 'n langtermynlening in Desember 2024 nie 'n gesonde finansiële besluit sal wees nie.

| | |
|---|---|
| Finansieel gaan die onderneming agteruit in die maande September tot November (begrotingsmaande). 'n Groot vaste deposito verval in Desember. Dit sal hul korttermyn- ekonomiese uitkoms verander. Tensy die aanlyn winkel suksesvol is en die verkope oplewer wat hulle beraam, sal die onderneming nie oorleef nie. Om dus 'n langtermynlening in Desember te verkry is nie finansieel gesond nie, aangesien dit meer druk op die ekonomiese daling van die onderneming plaas. Die vaste deposito gee hulle 'n blaaskans om die aanlyn winkel aan die gang te kry en die onderneming te probeer omkeer. | |
| 2 punte | Baie goeie verduideliking wat algehele begrip toon |
| 1 punt | Gemiddelde antwoord wat party van die inhoud dek |

IEB Copyright © 2024 

1.6 Die maatskappy beplan om 120 000 bykomende aandele in Januarie 2025 uit te reik om die onderneming uit te brei deur 'n aanlyn winkel by hul aanbieding by te voeg.

1.6.1 Stel vir die direkteure 'n weldeurdagte prys voor waarteen hulle hierdie aandele moet uitreik. Ondersteun jou antwoord met 'n geskikte berekening en verduideliking.

| |
|---|
| Berekening: $\frac{1\,840\,000 + 1\,280\,000 = 3\,120\,000}{(0{,}6 \times 2\,000\,000 = 1\,200\,000)} \times \frac{100}{1} = 260$ sent per aandeel |
| Jou voorgestelde uitreikprys: |
| Bokant 260 sent per aandeel |
| Redenasie agter jou voorgestelde uitreikprys: |
| Uitreikprys is bokant huidige gemiddelde |
| Beskerm die belegging en lojaliteit van huidige aandeelhouers |
| |
| 2 punte = berekening van gemiddelde prys |
| 2 punte = verduideliking dat nuwe prys hoër as gemiddelde prys is |

1.6.2 Op grond van hul navorsing sal die bedryf van die aanlyn winkel minstens R17 000 per maand by hul uitgawes byvoeg.

Op grond van dieselfde navorsing verwag hulle dat hul aanlyn verkope soos volg sal wees:

| Januarie 2025 | Februarie 2025 | Maart 2025 |
|---|---|---|
| R160 000 | R214 000 | R280 000 |

Verskaf EEN voordeel en TWEE nadele van die uitbreiding aanlyn op grond van die inligting wat verskaf is.

| |
|---|
| Voordeel: |
| • Verhoog verkope/open nuwe markstroom wat verder ondersoek kan word/ander … |
| |
| Nadele: |
| • Voeg bykomende uitgawes by 'n reeds sukkelende onderneming by |
| |
| • Die inkomste uit aanlyn verkope sal 'n hele paar maande neem voordat dit die kontantvloeisituasie omkeer |
| Ander … |

IEB Copyright © 2024 

## VRAAG 2 MAATSKAPPYONTLEDING

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele, naamlik Deel A en Deel B wat verwant is.**

**DEEL A**

**Verwys na die inligting van Northam Platinum Beherend Beperk vir hierdie deel van die vraag.**

**Gebruik inligting A om Vraag 2.1–2.4 te beantwoord.**

2.1 Bereken die winsgrenspersentasie wat in **2022** behaal is.

| |
|---|
| 14 885 / 19 179 × 100 = 77,61% |

2.2 Bereken die bruto wins op verkope- (winsgrens-) persentasie wat in **2022** behaal is.

| |
|---|
| 14 885 / 34 064 × 100 = 43,70% |

2.3 **Verwys na Vraag 2.1 en 2.2.**

Verduidelik wat elke verhouding bereken.

| |
|---|
| • Winsgrens: Die wins wat behaal is tussen die verkryging van goedere en die verkoop daarvan. |
| • Bruto wins op verkope: Bereken die persentasie wins wat verdien is deur elke eenheid inkomste wat gegenereer is. |

2.4 Gebruik die inligting uit die "% verandering"-kolom om die veranderinge te ontleed en verduidelik dan waarom die bestuur bekommerd moet wees oor hierdie resultate.

| |
|---|
| Koste van verkope het 4 keer meer as verkope toegeneem, wat tot 'n daling in wins gelei het |
| OF Verkope het met 4,4% toegeneem, koste van verkope het met 16,1% toegeneem en bruto wins het met 7,6% afgeneem |

| | |
|---|---|
| 3 punte | Vergelyk **toeneemkoers van verkope** (ontleed verandering in verkope) met **toeneemkoers in koste van verkope** (ontleed verandering in KVV) en skakel die toename in KVV met **daling in bruto wins** (waarom die bestuur bekommerd moet wees) |
| 2 punte | Vergelyk toeneemkoers van verkope met toeneemkoers in koste van verkope (geen skakel met BW nie, d.w.s. waarom die bestuur bekommerd moet wees nie) |
| 1 punt | Haal slegs gegewe inligting aan |

**Verwys na inligting B om Vraag 2.5 te beantwoord.**

2.5 Waarom is dit vir 'n genoteerde maatskappy soos Northam Platinum Beherend Beperk belangrik om inligting soos uittreksel B ("Ons omgewingsimpak") as deel van hul finansiële verslae in te sluit?

| |
|---|
| King IV sê dat maatskappye korporatiewe burgers is. |
| Omgewingsimpak is so belangrik soos finansiële impak (mense, wins, aanleg). |

**Gebruik inligting C om Vraag 2.6–2.7 te beantwoord.**

2.6 Veronderstel kontant en kontantekwivalente aan die einde van die 2022-finansiële jaar was R1 175 miljoen en bereken die syfer vir kontant en kontantekwivalente aan die begin van die 2022-finansiële jaar.

| |
|---|
| 1 175 + 1 648 + 12 457 – 11 392 = 3 888 |

2.7 Gee EEN moontlike item wat onder **veranderinge in bedryfskapitaal** in kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite as 'n **invloei** van kontant genoem kan word.

| | |
|---|---|
| Afname in debiteure<br>OF<br>Afname in voorraad<br>OF<br>Toename in krediteure | 1 punt vir effek, 1 punt vir komponent |

**Gebruik inligting D om Vraag 2.8–2.12 te beantwoord.**

2.8 Bereken die Opbrengs op Gemiddelde Aandeelhouersbelang vir **2022**.

$$\frac{9\,846}{0,5\,(35\,967 + 19\,015 = 54\,982)} \times \frac{100}{1}$$
$$= 35,82\%$$

2.9 Ontleed die **opbrengs** en **verdelings** en **behoue wins** vir 2022 krities. Haal syfers/ verhoudings/persentasies aan om jou antwoord te ondersteun.

| |
|---|
| Opbrengs vir aandeelhouers: |
| Opbrengs op aandeelhouersbelang van 35,82% (sien 2.8) is hoër as dié van alternatiewe beleggings van 6,5% |
| Opbrengs op aandeelhouersbelang het met 9,58% verbeter (van 26,24% tot 35,82%) |
| |
| Verdelings en behoue wins: |
| In 2021: 158 van 24 495 is aan aandeelhouers uitgekeer (0,6% van VPA) en 99,4% is behou |
| |
| In 2022: 26 149 sent was beskikbaar vir uitkering (VPA) |
| Niks is aan aandeelhouers uitgekeer nie/geen dividende is betaal nie (DPA) |
| |
| Maatskappy fokus op groei/uitbreiding |

2.10 Verduidelik waarom jou ontleding in Vraag 2.9 jou as **aandeelhouer** sal ontstel.

| |
|---|
| Opbrengs is uiters hoog in vergelyking met alternatiewe beleggings, tog is geen dividende uitbetaal nie. |
| OF Opbrengs en verdienste het toegeneem, maar dividende het tot nul afgeneem. |

2.11 Ontleed die **risiko** en **hefboomwerking** vir 2022.

| |
|---|
| Skuld:Ekwiteit het van 0,55:1 tot 0,67:1 toegeneem OF Skuld:Ekwiteit het toegeneem met 0,17 : 1. |
| Dit is matige/aanvaarbare risiko/hefboomwerking (nie hoog nie). |
| |
| Opbrengs op kapitaal aangewend het toegeneem van 27,2% tot 28,5% OF Opbrengs op kapitaal aangewend het met 1,3% toegeneem. |
| Opbrengs op kapitaal aangewend is byna drie keer die gemiddelde rentekoers van 10% OF |
| Maak dit positiewe hefboomwerking |

IEB Copyright © 2024 

2.12 Indien die maatskappy bykomende befondsing vir uitbreiding benodig, bespreek TWEE redes waarom die verkryging van 'n bykomende lening die beste keuse is en TWEE redes waarom die uitreiking van verdere aandele nie die beste keuse sal wees nie.

| Waarom die verkryging van 'n bykomende lening die beste keuse is: |
| --- |
| • Skuld:Ekwiteit het 0,37 : 1 beskikbaar voordat dit hoë risiko word. |
| • Opbrengs op kapitaal aangewend het positiewe hefboomwerking/drie keer hoër as rentekoers. |
| • Fondse geredelik beskikbaar by die bank en kan 'n onbeperkte bron wees met betrekking tot skuld:ekwiteit. |
| • Lening en rente is eindig (hou op wanneer dit afbetaal is) en die rentekoers kan vas wees, kan dus begroot vir leningterugbetalings en rente. |
| |
| Waarom die uitreiking van verdere aandele nie die beste keuse is nie: |
| • Verdun huidge aandeelhouers se belang. |
| • Geen dividende verklaar nie – dalk nie aantreklik vir nuwe beleggers nie/ maak huidige aandeelhouers kwaad. |
| • Dividende sal uiteindelik uitbetaal moet word en solank daar aandeelhouers is, sal daar dividende wees wat oneindig is (gaan vir altyd voort). |
| • 'n Groep aandeelhouers kan meerderheidsaandele verkry en dus beheer oor die maatskappy. |

IEB Copyright © 2024

## DEEL B

**Gebruik inligting E om Vraag 2.13 te beantwoord.**

2.13 Kies die maatskappy waarin jy eerder sal belê en bespreek VYF redes vir jou keuse deur die vergelykende inligting wat verskaf is, te gebruik. Gebruik syfers om jou redenasie te motiveer.

☐ Northam Platinum Beherend Bpk ☐ Royal Bafokeng Platinum Bpk

| NORTHAM: |
|---|
| • Opbrengs op aandeelhouersbelang van 35,82% is uitsonderlik |
| • Hoë verdienste (VPA) van 26 149 sent |
| • Verhandeling op JSE 75% bokant boekwaarde (JSE) |
| • Medium risiko aangesien 67 sent geskuld word vir elke R1 eie kapitaal |
| • Positiewe hefboomwerking aangesien opbrengs op kapitaal aangewend 18,5% hoër is as rentekoers |
| ENIGE 5 |

OF

| ROYAL BAFOKENG: |
|---|
| • In 2008 gestig – bestaan al lank en stabiel |
| • Opbrengs op aandeelhouersbelang laag, maar hoër as dié van alternatiewe beleggings |
| • Hulle betaal dividende uit |
| • Verhandeling op JSE 81% bokant boekwaarde (JSE) |
| • Lae risiko aangesien 10 sent geskuld word vir elke R1 eie kapitaal |
| • Positiewe hefboomwerking aangesien opbrengs op kapitaal aangewend 1,3% hoër is as rentekoers |
| ENIGE 5 |

## VRAAG 3 VERSOENINGS

**Verwys na die inligting aangaande Gas Monkey Garage.**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele, Deel A en Deel B.**

### Deel A – Debiteure

3.1 Dit is duidelik dat die ouderdomsontleding op die staat wat van Harley Davidson SA ontvang is, verkeerd is.

Stel die korrekte ouderdomsontleding op 31 Mei 2024 op. Toon al jou berekeninge sodat punte gedeeltelik toegeken kan word.

| 60+ dae | 30+ dae | Huidig |
|---|---|---|
| 410 400<br>(180 000)<br>(14 400)<br>(216 000) | (519 000 – 410 400)<br>108 600<br>(108 600) | 669 600<br>1 069 200<br>(19 200)<br>(50 400)<br>(1 400)<br>(326 000 – 216 000 – 108 600) |
| Moenie optel nie | | |

### Deel B – Krediteure

3.2 Voltooi die Krediteureversoening vir Mei 2024 deur die tabel hieronder te gebruik.

| Besonderhede en berekeninge | | Krediteure-grootboek | Krediteure-versoening |
|---|---|---|---|
| Saldo | | 320 600 | 873 800 |
| (a) | Faktuur 3228 weggelaat | | 180 000 |
| (b) | 67 200 × 30/70 | (28 800) | |
| (c) | 50 000 × 2 | | (100 000) |
| (d) | Faktuur 3788 gedupliseer | | (80 400) |
| (e) | Betaling nie weerspieël nie | | (320 000) |
| (f) | Faktuur vir Mei (balansering) | 261 600 | |
| (g) | Betaling nie opgeteken nie | (88 000) | (88 000) |
| | | Moenie optel nie | |

3.3 Verwys na die teenstrydigheid gemerk (g) – die aanlyn bankbetaling.

3.3.1 Waarom moet die bestuur bekommerd wees daaroor omdat dit eers ontdek is toe die boekhouer dit genoem het?

| |
|---|
| Toon gebrek aan interne beheer.<br>Boekhouer het dalk te veel beheer oor betalings en optekening.<br>Boekhouer doen nie die werk waarvoor hy aangestel is en wat hy korrek moet doen nie.<br>Betaling moet eers gelaai word nadat papierwerk die betaling gemagtig het.<br>Betalings wat gelaai is, moet gekontroleer en opgeteken word wanneer hulle deurgaan.<br>Betalings is nie aan die einde van die maand opgeteken nie.<br><br>Enige konsep wat goed verduidelik word. |

3.3.2 Watter eerste rekeningkundige inskrywing moet vir hierdie transaksie opgeteken word?

| |
|---|
| Betaling moet in die KBJ ingeskryf word en na die Krediteuregrootboek gepos word. |

3.3.3 Stel TWEE beheermaatreëls voor wat die interne ouditeur moet implementeer sodat dit in die toekoms nie weer gebeur nie.

| |
|---|
| • Persoon wat die betaling magtig, mag nie die persoon wees wat die betaling laai nie. |
| |
| • Geen betaling mag gelaai word indien dit nie behoorlik gemagtig is nie. |

3.3.4 Om te verhoed dat dit weer gebeur het die ouditeur die onderneming aangeraai om hul bankstate elke maand noukeurig na te gaan.

Noem EEN rede waarom dit belangrik is om die bankstaat wat elke maand ontvang word, te raadpleeg.

| |
|---|
| Om foute en weglatings te identifiseer en op te teken.<br>Om bankkoste te bereken en op te teken.<br>Ander |

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024